SIEL SAKE

www.sielsakersentrum.org
Registrasienommer: 2017 / 089399 / 08

kantoor@sielsakesentrum.org
066 201 2552

Wie is ons?

Sielsake se droom is om 'n selfonderhoudende beradingsentrum te wees wat op 'n Christelike grondslag dienste aan mense bied. Die doel is om hulle te laat herstel, te ontwikkel en te bemagtig om diensbaar in hul gemeenskappe te wees. Ons wil mense ontmoet waar hulle op hul lewenspad is en saam met hulle 'n pad van heling stap om te kom na waar die Here hulle wil hê.

'n Volgende oogmerk is om hierdie diens ook in ander gemeenskappe regoor Suid-Afrika aan te bied.

Waar het alles begin?

In 2017 het die Here verskeie mense bymekaar gebring (van die Gereformeerde Kerk Brooklyn en Sake van die Siel Trust) om saam te werk aan die droom van 'n Christelike beradingsentrum. 'n Nie-winsgewende organisasie is intussen in die naam van Sielsake gestig.

Watter dienste lewer ons?

Tans is daar sowat agt beraders onder leiding van die kliniese sielkundige, Erich Schoeman. Hierdie beraders sal onder die toesig van mnr Schoeman optree. Vyf van die beraders het ook intussen akkreditasie ontvang as fasiliteerders van die SETA-geakkrediteerde lewensvaardighede- en leierskapontwikkelingsprogram genaamd *Bright Star*.

Op 11 September 2017 het die eerste werkswinkel plaasgevind. Die fokus was die bemagtiging van predikante en ander bedienaars om uitbranding in die bediening te voorkom. Dit was 'n groot sukses en daar is akkreditasie ontvang van Excelsus om voortgesette bedieningsontwikkeling aan predikante van die NG en Hervormde Kerke te bied.

Ons bied verder ook die volgende dienste aan:

- Christelike berading (individueel, huweliks-, gesins- en traumaberading);
- lewens- en leierskapafrigting;
- lewensvaardigheidswerkswinkels soos *Bright Star*, *Teach Every Nation* en *Grace For Life;*
- ondersteuningsgroepe.

Behoeftes en geleenthede

Hierdie sentrum is ’n beleggingsgeleentheid in ons Here se koninkryk. Ons neem dus die vrymoedigheid om die volgende behoeftes aan u bekend te maak:

- gebed;
- aanvangskapitaal vir die eerste 12 maande;
- verwysings na moontlike donateurs.

Indien u voel dat u gelei word om by die sentrum betrokke te raak, sal ons u graag persoonlik kom sien om meer besonderhede te gee.

Let asseblief op die volgende:

Sake van die Siel Trust, wat ’n geregistreerde **Artikel 18A**-organisasie is, ondersteun die sentrum as een van hul projekte. U kan dus ’n donasie via die trust gee en ’n Artikel 18A-belastingsertifikaat ontvang. Hierdie donasie word dan aan Sielsakesentrum oorbetaal.

Vir ’n Artikel 18A sertifikaat, gaan na: www.sakevdsiel.org/raak-betrokke

Indien u direk aan sielsake sentrum ’n donasie wil gee, gaan na sielsakesentrum.org of maak ’n EFT direk na Sielsake:
FNB Gold Business Account
Rekeningnommer: 62689291955
Takkode: 255355

Baie dankie dat u dit oorweeg om deel te wees van hierdie inisiatief. U ondersteuning word baie waardeer.

Vriendelike groete

Erich Schoeman

Kliniese sielkundige
072 541 6689
erich@sakevdsiel.org

Chris de Beer

Predikant, Brooklyn-gemeente
082 758 3550
chris@gkbrooklyn.org.za